Rietstok – Uitgawe 68

**Somer 2026**

# Somer



*Koningsprotea*

*Protea magnifica*

*Hibiscus rosa-sinensis*

*Princess Marina*



# Inhoudsopgawe


- Sy aan Sy p.2
- Van uit my venster (Voorsitter) p.3
- 2026 Oop Nasionale Vergadering p.4
- Oordenking: 'n Nuwe Jaar p.5
- Oggendkuier 31 Oktober 2025 p.7
- Herinneringe aan Lettie Ueckermann p.10
- Gemeenskapsbetrokkenheid: Horison Sorgsentrum p.11
- 'n Kort Oorsig (Rietvallei) p.12
- Rietvallei saamtrekke tot Mei p.13


*Hoe lyk liefde?*
*Dit het hande om ander te help.*
*Dit het voete om vining by armes en behoeftiges uit die kom.*
*Dit het oë om ellende en nood raak te sien.*
*Dit het ore om die sugte en smarte van die mens te hoor.*
*Dít is hoe liefde lyk.*

*Annoniem*

# Rietvallei Bestuur


Voorsitter:
Pieter Viljoen 078 094-7436
rietvallei@sawa.org.za

Sekretaris:
Pieter le Roux 083 258-3613
rietvallei.sek@sawa.org.za

Penningmeester: Tjaart Klaasen
tjaartklaasen1@gmail.com

Redakteur:
Johan la Grange 063 132-8151
j_la_grange@hotmail.com

Streekkampkoördineerder:
Bertus Marx 061 581-2560
lpmarx2@gmail.com

Seniorburgerverteenwoordiger
Dalena Marx 082 415 0976
dalenamarx4@gmail.com

Addisionele lid:
Frans Scholtz 082 576-3516
franssc1@mweb.co.za


## SY AAN SY

*Twee is beter as een. Saam bereik hulle meer in hulle werk.*
*As een mens val, kan sy vriend hom ophelp. Maar as een val wat alleen is, is daar niemand om hom op te help. - Prediker 4:9-10*

Ons is bewus van die belangrikheid van verhoudings. Ons vriendskappe en familieverhoudings is so belangrik vir ons. Dit is goed om te weet daar is iemand langs jou op jou reis deur die lewe. In die gelukkige tye is dit lekker om iemand te hê saam met wie jy kan feesvier. Gedeelde vreugde is dubbele vreugde. In die moeilike tye is dit lekker om iemand te hê wat jou hand vashou; selfs saam met jou huil.

Sê vir die Here dankie vir die mense in jou lewe wat jou vreugdes en hartseer deel. Sê dan vir hulle dankie vir hulle omgee. Onthou dat jy die persoon kan wees wat dit vir ander doen. Maak jou hart wyd oop om iemand anders se vreugde en hartseer te deel. Laat hulle weet jy is daar.

*Piglet skuif nader aan Pooh. "Pooh!" fluister hy. "Ja, Piglet?"*
*"Niks," sê Piglet terwyl hy Pooh se poot vat.*
*"Ek wou net seker maak dit is jy."*

*Carolyn Larsen*

# Van uit my venster



Dit is lekker bewolk hier vandag met so n ligte briesie wat hier oor die Rondawels inwaai. Maar, ons is dankbaar dat ons wakker geword het en dat die Liewe Heer ons nog 'n dag die aarde laat bewoon.

Die jaar het so met 'n klompie siekes en 'n afsterwe van een van ons eie begin. Willem de Jongh het sy dapper stryd verloor en ons moes "good-bye" sê op die 27ste Januarie. Sonja en die kinders bly in ons gebede.

Chris Delport sukkel steeds met daai knie en so 'n ander komplikasie ook. Ons bly vol vertroue vir 'n spoedige herstel. Oom Fanie maak ons ook skrik deur ' n trippie hospitaal toe, maar na wat verneem word, sterk hy reeds goed aan. Hierdie dinge maak ons net meer dankbaar vir goeie gesondheid en voospoed. Sterkte aan julle wat olik is.

Met SAWA gaan dit ook heel skaflik en ons gebied is tans besig met beplanning vir die jaarlikse Presidente. Ek hoop daar sal 'n Rietvalleier of tien gaan saam kamp. Die kampnaweek is weer by View-on-the-Vaal soos verlede jaar.

Dan lê ons Spookkamp ook voor met Bertus en Dalena aan die stuur van hierdie jaar se kuiernaweek. Ek weet sommer hulle gaan weer alles gee om dit 'n onvergeetlike naweek te maak. Hou solank die datum oop (20 tot 22 Maart) en maak seker dat jy nie daai kuier mis nie.

Ek verstaan ook dat daar fluks beplan word aan 'n toer af Wes-Kaap toe vir hierdie jaar se Nasionale Vergadering. Die wat kan gaan toer, doen asseblief navraag en geniet 'n heerlike toer met asemrowende Kaapse skoonheid.

Ons as bestuur en meer spesifiek die afgevaardigdes beplan ook hard aan ons fees geselligheid die 16 de Mei 2026. Ons word mos 20 jaar oud en so 'n mylpaal sal gevier moet word. Die dag beloof om swierig te wees en 'n lekker trip "down memory lane" lê en wag vir ons almal daar. Moet dit asseblief nie mis nie. Ons gaan beslis lekker pret daar hê.

Ek sluit af met die volgende:
*"Die lewe is te kort vir nagemaakte kaas, botter of mense."*

Kom ons wees eg in alles wat ons doen.

Groete.

*Pieter*

# 2026 Oop Nasionale Vergadering

In die verlede was dit gebruiklik om een keer per jaar 'n Nasionale Uitvoerende Bestuursvergadering "oop"te hou, met die doel om SAWAnante 'n insig in die werkinge van die NUB te bied. 'n Aantal jare was hierdie vergadering by Bloekompoort (Cooperville Landbouhoewes oos van Vereeniging) gehou. Dit was ook die gewoonte om 'n saamtrek oor die betrokke naweek aan te bied. Die NUB lede en SAWAnante wat wou, kon saam kamp. Die vergadering het die Saterdag vroeg begin. So halfpad deur die oggend is 'n pouse geneem, waartydens ontbyt genuttig is wat gewoonlik deur die oord aangebied was. Die vergadering is gewoonlik voor 14:00 afgehandel. Dagbesoekers was baie welkom.

Intussen het dinge verander en COVID het ook sy spoor kom trap. Name en konsepte het verander en video konferensie fasiliteite wat vroeër slegs vir enkele groot korporasies beskikbaar was, het beskikbaar geraak naastenby vir elkeen wat selfs net 'n Micro Soft Office lisensie het.

Die NUB het 'n nuwe naam en samestelling gekry en staan deesdae bekend as die Nasionale Bestuursvergadering. Die "Oop NUB" geleentheid het behoue gebly en word om die beurt deur die verskillende gebiede in SAWA aangebied. In 2026 word die geleentheid op 28 Februarie deur Gebied Oosrandia aangebied by Sionbergh. Dit is die oord waar Rietvallei saam met Gebied Jakaranda (én OosRandia, én Vaaldriehoek) saamgetrek het vir 'n virtuele Nasionale Vergadering op 11 Oktober 2025.

Die "Oop NUB" staan deesdae bekend as 'n "Oop Nasionale Bestuursvergadering". Oosrandia hou terselfdertyd gebiedsaamtrek en uitnodigings is reeds aan gebiede Oosrandia, Vaaldriehoek en Jakaranda gestuur vir deelname. Jannie Meyer (Oosrandia voorsitter) sê dat die formaat nie dieselfde is as vir die vroeëre Oop NUB nie. Die vergadering begin vanjaar eers om 10:00 en Jannie verwag dat die vergadering tussen 2 en 3 ure sal duur, waarna die gebiedsaamtrek met hulle program sal voortgaan. Dit is Speletjies om 14:00 en Gesamentlike -braai en -kuier om 17:00. Jannie was nie seker wat die oordbepalings vir dagbesoekers sou wees nie en sal binnekort meer inligting verskaf.

Intussen is inskrywingsvorms beskikbaar gestel (sal binnekort versprei word). Die koste vir die naweek is R440 + R20 = R460 vir 4 persone per staanplek. Hoewel daar geen afsnydatum vir besprekings genoem is nie, word gevra dat inskrywings so spoedig moontlik ingestuur word. Meer besonderhede beskikbaar in die inskrywingsvorm.

## OORDENKING

## 'n Nuwe Jaar

Nuwe kalenders, nuwe akademiese jaar, nuwe uitdagings – alles nuut. Veral in die suidelike halfrond waar die akademiese jaar en die kalenderjaar saamval. Van November af maak ons onsself wys dat die tyd nader kom om "af te skakel". Kom Desember wanneer die skoolvakansie aanbreek, word dinge ernstig rustiger en kom 16 Desember, dan is die rustyd vir baie Suid-Afrikaners 'n werklikheid. Maar, wanneer dit 2 Januarie is, besef ons skielik dat die hele "afskakel" storie omgekeer moet word, elkeen volgens sy eie program en lewens-eise.

'n Stiller tydjie gee mens dikwels kans om oor die verloop van die komende jaar te dink. Dan gebeur dit mos dat sodra jy nie aan jou werk kan vat nie, jy allerhande slim idees kry van hoe jy jou probleme kan aanpak, wanneer die jaar weer sy gang kry. Dit is dan wanneer die meeste "nuwejaarsvoornemens" uitgedink word en terselfdetryd tot niks gedoem is, omdat die voornemens moet meeding met die werklikheid van die alledaagse mallemeule, wat rustig op jou wag.

Hoewel mense soms maar skepties is oor die nuwejaarsvoorneme-ding, hou dit sekerlik belofte in as 'n handjievol realisme daarmee saam gemeng kan word. Wanneer mens jou persoonlike jaarplan, met al die persoonlike doelwitte, strewes en vermydings neer skryf, sou mens dit so wou doen dat dit haalbaar en meetbaar sal wees. Terselfdertyd sal dit raadsaam wees om 'n manier te kry wat, deur die jaar, 'n aanduiding kan gee of mens nog op koers is na jou jaarbestemming. Iemand het sy doelwitte in die badkamer langs 'n spiel opgeplak om hom daagliks daar aan te herinner.

Vir beplanning is daar twee tydshorisonne: einde van die jaar en einde van die lewe. Die jaar tydhorison, is bekend, maar die ander is nie so goed bekend nie.

**Waarheen** is jy oppad?
Ons is reisigers, elkeen op reis deur sy of haar eie lewe. Maar, geen twee lewensreise is dieselfde nie. Nie wat die roete betref nie en ook nie wat die verloop betref nie. Daar is soms mense op jou lewenspad wat jou help om jou lewenspad te bepaal (soms teen jou wil). Die uiteindelike verantwoordelikheid berus egter uiteindelik tot 'n groot mate by jouself, tot die mate waar dit moontlik is om beheer daarvan te neem. Op die keersy, as nie jy beplan om êrens te kom nie, dit jou sal geluk.

**Wanneer** sal jy daar wees?
Die gelykenis van die 10 meisies (Matt 26:1-13) pas. Dit handel eintlik om die koms van die bruidegom, maar is net so goed van toepassing op ons eie ontmoeting met die Bruidegom. Om te beplan nét tot die einde van 'n jaar is maklik, soos vir die onverstandige meisies – hulle was nie gereed om die bruidegom te ontmoet toe hy opgedaag het nie. "*Waak dan, omdat julle nie weet op watter dag en uur dit sal*

*gebeur nie."* (Matt. 26:13). In die gelykenis was gereedheid 'n eenvoudige handeling – 'n kannetjie olie. Om gereed te wees is ook eevoudig; kry die kannetjie gereed.

En dan, die **Wat** is op die doenlys?
Dis seker die aangenaamste en makliste deel van die proses: Ons gaan hier vakansie hou en daar kamp en intussen gaan ons so-en-so koop en verkoop en die lewe geniet. Jakobus waarsku hierteen (Jak. 4:13-15) veral in vers 15 waar hy die voorstel maak: *As die Here wil, sal ons lewe en sal ons dit of dat doen.* Dit is miskien 'n goeie gewoonte, of sê-ding, om by alles wat mens sê die wil van die Here te verklaar. Dit is van baie meer belang om werklik ons doen en late aan Sy wil te onderwerp; om Sy wil vir ons elkeen te soek.

En dan die **Roete**
'n Lekker deel van beplanning vir 'n reis (veral wanneer vir vakansie) is om die kaarte (of hulle hedendaagse weergawes) nader te trek en te begin beplan. Mens kies die roetes uit wat jou by die mooi plekke sal uitbring; of waar die paaie goed is. Deesdae is kaarte "outyds". Mens tik sommer die bestemming op jou selfoon en beplanning is afgehandel. Maar daar is nie so iets vir 'n lewenspad nie. Die weg van die "jongeling" is meer prakties: Ps 119:9 *Waarmee sal die jongeling sy pad suiwer hou? Deur dit te hou na u woord.* En Ps 119:105 *U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad.*

Waar ons paaie ook al mag loop in hierdie jaar, mag dit loop waar dit moet en mag julle die reis geniet. As dit moeilik moet gaan, mag julle bewus wees van die maniere waarop die Here julle dra en van die mense in julle lewens wat Hy beskik het om julle te ondersteun; familie, vriende en die gemeenskappe waarin julle leef.

## Besig wees

"Besig wees" is verhoudings se grootste vyand.
Ons is só besig om 'n bestaan te maak, ons werk te doen, rekeninge te betaal en doelwitte te bereik; asof die lewe om dié dinge draai. Die punt van die lewe is om te leer liefhê; om God en ander mense lief te hê.
Die lewe sonder liefde is een groot nul.

*Rick Warren*



# OGGENDKUIER 31 OKTOBER 2025

Die kuier in Oktober was weer by De Meerpaal. Die fasiliteit is aan ons beskikbaar gestel deur die oord, met die bemiddeling van Margriet van den Berg wat dit moontlik gemaak het om die saal sonder koste te gebruik (met voorwaardes soos los die plek in 'n ordelike stand). 'n Baie groot dankie aan Margriet-hulle en De Meerpaal hiervoor. Meeste oorde beskou hulle sale as bronne van inkomste wat kan help om die oord se finansies te laat klop. Des te meer, baie dankie!

Hierdie kuier was die derde en laaste vir 2025 en net so gemoedelik soos die ander. Die eregas was Henry Hill, wat 11 dae tevore sy 80ste verjaardag gevier het. Tinus Fourie het Henry geluk gewens en vertel van die Fouries en Hills se saamkuier en saamtoer oor die jare en met 'n paar kleurvolle staaltjies vertel van die pret wat hulle saam op toere deur ons land kon deel. Soos gebruiklik, moes Henry 'n kers doodblaas ter viering van sy status as tagtigjarige (Afrikaans het nog nie 'n lekker woord soos die Ingelse octagenerian nie).

Die bedoeling van die oggend was om te kuier en dit het só goed gewerk, dat die mense gevra moes word om asseblief te vertrek, sodat die saal weer vrygestel kon word.

Baie dankie aan elkeen wat gehelp het om die geleentheid 'n sukses te maak en veral vir elkeen wat saam kom kuier het.

### DIE KUIER VOOR DIE KUIER



*Hennie Engelbrecht, Bertus Marx en Pieter le Roux*



*Linda van Vuuren en Stefanie Scholtz*



*Erna la Grange, Frans Scholtz, Margriet van den Berg, Annatjie Maritz en Wim van den Berg*



*Henry Hill en Tersia Fourie*

## Alles is reggemaak



*Die koppies is uitgepak en die ketel kook*



*... die tafels netjies gedek.*





*Eetgoed, meeste tuisvervaardig en alles waardig van 'n aptyt*

## Die "Hoofrede"

Alles is gereed en die horlosie stem saam. Dalena Marx heet almal welkom, vertel hoe die dag se sake gaan verloop én wens oom Neels de Klerk geluk met sy 94$^{ste}$ verjaarsdag, wat hy pas die vorige Sondag gevier het.





*Dalena Marx, Seniorburgerverteenwoordiger, heet almal welkom.*



*Veels geluk, Oom Neels!*



*Oom Neels sê "Dankie!"*

# Henry Hill het verjaar



*Tinus Fourie vertel een en ander oor Henry en wens hom geluk.*



*Met die voorreg om te verjaar, moet die gebruiklike kers doodgeblaas word, voordat die 80-jarige(?) lekkernye aan die beurt kan kom.*








Skakel Dalena Marx
vir
Bioway goggagif
en
30 mikron swartsakke
by
082-415-0976

**Bioway:** 1, 2 en 5 liter
**Swartsakke:** Pakke van 50 of 100 sakke

**Skoonmaakmiddels:**
Beskikbaar in 2l en 5l

*Advertensie*

# Lettie Uckermann

Lettie Ueckermann was een van die mense wat mens laat welkom voel het in streek Rietvallei. Ons kamp saam met Magda Britz-hulle by Buffelspoort en sit-sit so om die wa met 'n boek of iets in die hand soos mens maar die kampding doen,. Lettie kom maak kennis. Sy vertel dat Rietvallei 4-uur die middag tee drink by Margriet-hulle en vra, nee eerder sê, dat ons net bekers en stoele moet saambring. Dit was 'n lekker positiewe "ysbreker" en die begin van baie kuiers.



Lettie en Mel ontvang hul 150 algemene plaatjie by San Cha Len in 2023

In 2020 sit almal tuis sonder enige keuse. Almal moet fotos stuur van wat hulle doen en Lettie-hulle maak ook so. Sy doen ofeninge op die grasperk buite die woonstel en vou op in 'n manier wat niemand kan glo nie en dit net voor haar 80ste verjaarsdag.

Wie sal vergeet hoe sy en klein Johandre van Zyl sit en speel met speelgoed wat sy vir hom gebring het? Plat op die grond; lekker langsbeen en dan gemaklik opstaan sonder 'n enige gesukkel.



Poppies gereed vir aflewering tydens die COVID inperking



Koningsprotea in die ruiker vir Mel, van die Rietvalleiers.

In haar huldeblyk aan Lettie het Elmarie le Roux gesê:

*Mel en sy kinders se verlies laat ook by ons Rietvalleiers 'n groot leemte.*
*Lettie het diep in ons almal se harte gekruip.*
*Lettie was 'n pienk Koningsprotea mens; altyd netjies en goed versorg.*
*'n Skoon oop mens wat met al die opregtheid van 'n besondere vrou 'n baie mooi mens gemaak het.*
*Sy het haar medemens met deernis en respek behandel.*
*Sy was 'n ware koningsblom.*
*Ons sal haar ook onthou vir haar poppie-projek wat vir haar 'n passie was.*
*Met haar 7000+ poppies wat sy gebrei het, het sy baie kinderharte aangeraak.*
*Ons as Rietvalleiers salueer ons Koningsprotea.*

## GEMEENSKAPSBETROKKENHEID

Streek Rietvallei is op die oomblik by 3 instansies betrokke:

- Horison Sorgsentrum in Silverton:
  Sien oorbetaling deur Tjaart Klaasen erkenning ontvang, hieronder.
- Pinocchio Kleuterskool in Daspoort:
  Sien vorige Rietstok.
- President Kruger Kinderhuis in Villieria:
  Rietvalleiers sal weer vir bydraes tydens die AJV gevra word.

### OORBETALING VAN SAWA RIETVALLEI KERKKOLLEKTE 2024 – 2025

Tjaart skryf:

*Soos per ons 2025 AJV besluit, is die 2024 – 2025 kerkkollekte van R 3 562 asook 'n verdere donasie van R 438 op 13 November 2025 aan Horison Sorgsentrum oorbetaal.*
*(Sien onderstaande* dekkingsbrief en erkenning van ontvangs korrespondensie):

**13 November 2025 aan Horison Sorgsentrum**
*Goeie dag Rina en personeel.*
*Aangeheg 'n donasie ter waarde van R 4 000 vanaf jul kampvriende by SAWA Rietvallei.*

*Ons vertrou dit kan so bietjie van jul finansiële las verlig in hierdie moeilike tyd.*
*Dra ons groete oor aan al die kinders en dank aan elkeen van jou besonderse personeel wat hierdie spesiale versorgingswerk met al hul liefde verrig.*

*Vriendelike groete*
*Tjaart Klaasen*
*ns SAWA Rietvallei*

**19 November 2025 van Horison Sorgsentrum**
*Goeie dag Tjaart.*

*Namens die beheerraad en personeel ons opregte dank vir julle mildelike donasie van R4 000. Dit word opreg waardeer.*

*Ons wens al julle lede 'n vreugdevolle feestyd en veilige 2026 toe en lekker kamp deur die jaar.*

*Groete*
*Rina*
*ns Horison Sorgsentrum*

Baie dankie, Rietvallei, vir julle bydraes en baie dankie, Tjaart, vir die skakeling met die instansies, aflewering van die skenkings en oorbetalings gedoen.

# 'n Kort Oorsig …

Hier in die laaste week van Januarie lyk dit of somer, wat warmte betref, nou sy sit gekry het. Johan van den Berg sê hy sien nie veel meer reën vir ons wêreld in sy kristalbal nie en dan raak die wolke weg wat koelte bring.

Voor dit heeltemaal te laat is, hoop julle sal 'n vrolike jaar beleef met baie meer hoogte- as laagte- punte.

Daar is al 'n paar geleenthede op die horison wat soos hoogtepunte begin lyk. Dit is benewens die Rietvallei saamtrekke, wat al reeds uitstaande is. Baie dankie aan die kampkoördineerders wat hand opgesteek het om vanjaar te koördineer.

Die 2026 **Spookkamp** word in Maart aangebied. Paslik is min inligting bekend. Dalena en Bertus het die oord uitgesoek en beproef. Hulle sal mettertyd inligting op 'n interessante manier laat uitglip. Die vorige 2 spookkampe was baie suksesvol. Februarie 2026 se saamtrek is juis by die 2024 spookkampoord en 2025 se oord is Rietvallei se keuse vir Augustus.

Die **Presidente** oor paasnaweek word vanjaar by View-on-Vaal in Vaalpark (Sasolburg) aangebied. Die oord was vroeër bekend as Abrahamsrust. Die oord het so 2 jaar gelede nuwe eienaars gekry, wat die oord nie net weer op sy voete staan gemaak het nie, maar baie verbeterings aangebring het. Fasiliteite is herstel en opgegradeer en nuwe fasiliteite is en word nog bygevoeg. Gebied Oosrandia het die saamtrek in 2025 aangebied en praat met lof van die moeite wat die oord doen om sy gaste te laat tuisvoel. In totaal strek die saamtrek oor 6 dae, met die seniorsaamtrek wat op Dinsdag 31 Maart begin, tot die afsluiting van die Presidente op Gesinsdag, 2 April.

Die saamtrek word vanjaar deur Gebied Jakaranda aangebied. Vroeër die week is daar 'n vergadering gehou om seker te maak dat reëlings vlot. Inligting sal so met die tyd aangegee word. Die tariewe lyk in die orde van R250 per nag voor die paasnaweek en R350 per nag per staanplek in Paasnaweek te wees. Geen chalets is beskikbaar vir hierdie saamtrek nie.

Rietvallei se kuier aan die **Botaniese Tuine** in Pretoria word beplan vir 14 April, skaars 'n week na die afloop van die Presidente. Vorige besoeke aan die tuine was gewild, waarskynlik omdat dit vir almal iets bied. Van die ywerige stappers tot die vriende wat oor 'n koppie tee geselskap wil deel en alles tussenin.

**Rietvallei** vier vanjaar sy twintigste verjaarsdag en soos "per gebruik" is 'n feeskomitee stewig in die saal om planne te maak en reëlings te tref vir Saterdag 16 Mei. Die eerste lokpos is al uit. Marietjie Klaasen werk aan 'n fotoversameling om die dag te vertoon en sal bly wees as julle foto's van Rietvallei-stories kan aanstuur. Stuur asseblief fotos oor Rietvallei aan Marietjie by mmklaasen@gmail.com.

**Weesgerus** in Modimolle is weer die oord vir die gebiedsaamtrek in die winterskoolvakansie. Soos in die verlede, word die oord so bespreek dat dit moontlik sal wees om bykans die hele vakansie daar te kamp, al is die saamtrek eintlik net 'n naweek lank. Die saamtrek bied nog 'n geleentheid om met SAWAnante van ander streke kennis te maak, of ou vriendskappe weer te hernu. Streek Rietfontein het verlede jaar al gesê hulle wil weer saam kamp, terwyl daar gewoonlik ook 'n wa of twee uit die Vrystraat kom.

**AJV 2026** word op Saterdag 15 Augustus gehou in dieselfde formaat as verlede jaar. Die vergadering word by De Meerpaal aangebied en 'n week later volg die Augustus saamtrek. AJV 2025 was suksesvol veral omdat die Rietvalleiers baie makliker en teen laer koste daar kon uit kom. Trouens, Rietvallei se AJV was een van die bes bygewoonde AJVs én dit is baie aangenaam om weer met Rietvalleiers saam te kuier, veral dié wat nie meer kamp nie.

Na die AJV sal die 2026 – 2027 bestuurspan sy sit kry en dan kan daar weer nuwe planne en vooruitsigte wees.

*Advertensie*




**Saamtrekprogram tot einde Mei 2026**

| Datums | Oord | Tipe | Afstand | Tyd | Roete |
|---|---|---|---|---|---|
| 20 Februarie | Kleine Bela | Streek | 127 | 01:20 | N1 |
| 20 Maart | Spookkamp | Streek | ? | ? | ? |
| 31 Maart | View on Vaal | Presidente (Senior) | 129 | 01:44 | N1 |
| 2 April | View on Vaal | Presidente | 133 | 01:30 | 21 |
| 27 Mei | Kokoriba | Seniorsaamtrek | 112 | 01:27 | N1 N4 |
| 29 Mei | Kokoriba | Streek | 112 | 01:27 | N1 N4 |

*Nota: Reistye aangevra op 'n Woensdagoggend om 7:20*